2019/01/07
08:43 AM

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2019/01/07	DATUM 2019/01/04			+ - WEEK GELEDE 2018/12/31		+ - MAAND GELEDE 2018/12/10		+ - JAAR GELEDE 2017/12/11	
	Data	Δ	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*
Brent ($/b)	57.31	-2.29	-3.8%	59.60	-5.2%	60.48	-19.3%	71.00	-11.5%	64.73
US$: ? ZAR	13.94	0.030	0.2%	13.91	1.6%	13.72	-2.7%	14.33	2.3%	13.62
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 101.86	23	1.1%	R 2 078.72	* CBOT Dec cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Mielies Dec + -12 : 00 die vorige dag					
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 648.11	23	0.9%	R 2 625.04	*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 vandag vs CBOT Koring Dec + -12 : 00 die vorige dag					
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 658.01	57	1.2%	R 4 600.97	* CBOT Nov cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Sojabone Nov + -12 : 00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Mielies Des '18	383.00	3.40	0.9%	379.60	5%	366.40	4%	369.60	0%	381.50
Koring Des '18	517.00	3.40	0.7%	513.60	0%	515.60	3%	502.00	9%	474.25
Sojabone Jan '19	909.40	9.20	1.0%	900.20	2%	894.60	4%	875.20	-11%	1017.25
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM Mar '19	3650.00	-50	-1.4%	3700.00	0.0%	3650.00	1.4%	3600.00	28.1%	2850
WMAZ Spot	2800.00	99	3.7%	2701.00	-1.8%	2851.00	12.1%	2498.00	30.4%	2148
WMAZ Jul '19	2954.00	100	3.5%	2854.00	-2.1%	3018.00	11.8%	2642.00	28.9%	2292
YMAZ Spot	2684.00	29	1.1%	2655.00	-1.7%	2731.00	8.0%	2485.00	20.7%	2223
YMAZ Jul '19	2754.00	24	0.9%	2730.00	-1.7%	2803.00	8.2%	2545.00	17.3%	2347
SOY Spot	4730.00	-10	-0.2%	4740.00	-4.3%	4945.00	1.7%	4651.00	-4.2%	4938
SOY Mei '19	4914.00	-35	-0.7%	4949.00	-2.9%	5062.00	2.0%	4816.00	-3.1%	5071
SUN Spot	5435.00	-145	-2.6%	5580.00	-7.1%	5850.00	4.0%	5228.00	20.4%	4513
SUN Mei '19	5166.00	2	0.0%	5164.00	-2.3%	5285.00	2.5%	5040.00	12.7%	4585
WHEAT Spot	4438.00	-63	-1.4%	4501.00	0.0%	4440.00	1.4%	4375.00	11.6%	3977
WHEAT Mar '19	4542.00	-67	-1.5%	4609.00	-0.7%	4576.00	1.2%	4488.00	10.9%	4096
OLIESADE (US$/ton)	2018/12/07	Bron: Oilworld			2018/11/30		2017/11/13		2016/12/12	
Soya-oil, Arg.	614				-2.7%	631	-20%	769	-9%	676
Soya-pell, Arg.	330				0.0%	330	-3%	339	-10%	368
Soybean, USA	379				1.1%	375	-8%	410	-8%	410
USA Runner 40/50	1275				2.0%	1250	-20%	1600	-2%	1300
Sun-oil, Arg.	620				-3.1%	640	-18%	755	-23%	800
Sun-oil, Black Sea	640				0.8%	635	-15%	750	-15%	750
Sunseed,Black Sea	345				1.5%	340	-14%	400	-16%	409
Rapeseed, EU cif	418				-1.4%	424	-2%	425	5%	399
Palmk oil Mal, EU	780				9.1%	715	-47%	1470	-25%	1037
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE										

Sojabone: In die internasionale sojaboonmark het die mark onseker begin met pryse wat ondersteuning gevind het hoofsaaklik as gevolg van bekommernisse rakende die produksieverwagtinge in Brasilië. Warmer en droër as verwagte weersomstandighede het die sojaboon produksie vooruitsigte in Brasilië verswak en die produksie behoort laer te wees as wat aanvanklik verwag was. Dit tesame met die lae oordragvoorraad sal veroorsaak dat die Brasiliaanse uitvoere gedurende 2019 aansienlik laer sal wees as die vorige jaar se uitvoere. Groot hoeveelhede sojabone is gedurende 2018 vanaf Brasilië uitgevoer, hoofsaaklik na China toe aangesien die handelsoorlog tussen die VSA en China die handel tussen hierdie twee lande beperk het gedurende 2018. In die VSA is daar steeds groot hoeveelhede sojabone beskikbaar en alhoewel die handel tussen die VSA en China sal voortduur is die verwagting dat die nie regtig genoeg sal wees om vinnig van die groot voorrade in die VSA ontslae te raak nie. Daar is egter tans baie onsekerhede rakende die hoeveelheid sojaboon uitvoerverkope vanaf die VSA aangesien die Amerikaanse regering staak en die data nie aan die mark bekend gemaak word nie. Die sojaboon produksie vooruitsigte in Argentinië lyk tans goed ten spyte van die oormaat reën wat in groot gedeeltes van die land voorgekom het en waar boere sojabone moes oorplant. Die verwagting is dat die Argentynse sojaboon produksie vir die seisoen tussen ongeveer 50 en 52 miljoen ton behoort te wees. Die goeie produksieverwagtinge in die Argentinië tesame met die groot sojaboon oordragvoorraad in die VSA behoort die afnames in die Brasiliaanse produksie te oorskry en dus sal daar steeds genoeg sojaboon voorrade in die wêreld beskikbaar wees om aan die vraag te voldoen. **Plaaslik:** In die plaaslike mark is die omstandighede tans nog baie gemeng. Droër en warmer toestande is nie gunstig vir die produksie nie. In die meer oostelike gedeeltes van die land lyk die produksieomstandighede beter terwyl die seisoen in die westelike gedeeltes van die land baie laat is.

Sonneblomsaad: Die sonneblomsaad pryse in die Swartsee streek is onder druk en naby aan ’n laagtepunt. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die goeie produksie en laer as verwagte verwerking wat veroorsaak het dat die voorrade in hierdie lande skerp toeneem. Rusland het veral hierdie seisoen goeie sonneblom produksie beleef met die oes wat 12.6 miljoen ton bereik het. In Bulgarye het die sonneblomsaad produksie vir die seisoen ook ’n nuwe rekord bereik en dit het gelei tot ’n toename in die verwerking van sonneblomsaad en uitvoere van sonneblomsaad olie. Turkye het 300 000 ton se tariefvrye sonneblomsaad invoere toegestaan en dit het die pryse ondersteun. **Plaaslik:** In die plaaslike mark is daar nog redelik min sonneblomme aangeplant met die seisoen wat baie laat is in veral die westelike gedeeltes van die land. Die laat reën sal baie van die produsente noodsaak om sonneblomme aan te plant aangesien die planttyd vir mielies uitloop.

Kanola: Die kanola uitvoere vanaf Kanada na China het omtrent verdubbel gedurende 2018 met die groot vraag na oliesade wat in China was om die afname in sojaboon invoere te probeer vervang. Die uitvoere na ander bestemmings soos Meksiko en Pakistan was wel laer gewees aangesien hierdie lande meer sojabone vanaf die VSA ingevoer het. Japan se kanola invoere het gedurende November ’n 8 maande hoogtepunt bereik en dit was hoofsaaklik vanaf Kanada ingevoer. **Plaaslik:** Die plaaslike kanola produksie vir die seisoen was redelik goed gewees ten spyte van uitdagende toestande wat in die Weskaap geheers het gedurende strooptyd toe die sterk winde skade aan die oeste veroorsaak het.

Grondbone: In die plaaslike mark is daar hierdie seisoen slegs beperkte hoeveelheid grondbone aangeplant met die produksie omstandighede wat meestal ongunstig was. Gedurende die grondboon plantseisoen was die meestal droog en kon daar slegs beperkte hoeveelhede grondbone aanplant word hierdie seisoen.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: **luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.